Johan Claassen Broers
(EDMS.) BPK.
Telefoon 3612
POTCHEFSTROOM

MANS-, SPORT- en KINDERUITRUSTERS

die WAPAD

Amptelike Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

JAARGANG XXII | WOENSDAG 19 APRIL 1967 | No. 8

ENBRITE
ELEKTRIESE MPY. (Edms.) Bpk.
Von Wiellighstraat 9B, POTCHEFSTROOM.
Besoek ons vir elektriese benodigdhede, hardeware, vlekvrye staal, porseleinware en tafellinne van hoë gehalte.
Telefoon: 6213

Bevinding oor Boekhandelaars:

GEEN WOEKERWINS MET BOEKPRYSE

Die boekhandelaars van Potchefstroom lewer boeke teen baie billike pryse aan die studente en geen vinger kan na hulle gewys word as daar van winsbejag gepraat word nie.

Dit is die slotsom waartoe geraak is toe 'n verslaggewer van Die Wapad 'n onderhoud gevoer het met die bestuurder van 'n groot boekhandel-saak in die dorp en op die Bult.

Die bestuurder het namens sy boekhandel 'n uitnodiging aan die redaksie van Die Wapad gerig om 'n persoon af te vaardig om 'n ondersoek na prysstyging van boeke en die pryse van boeke in die algemeen in te stel. Dit het gevolg op 'n brief wat deur Die Wapad gepubliseer is, waarin daar na die onrusbarende prysstyging van boeke verwys is.

Gedurende die ondersoek, waarin vryheid verleen was om alle aspekte van die boekhandel se sake te ondersoek, het heelwat feite aan die lig gekom, wat baie studente sal verras en byna al die vrae van die studente-massa wat moontlik op die hart gedra mag word, is bevredigend uiteengesit, volgens die verslaggewer.

ONREëLMATIGHEDE

Daar is bevind dat, wat die prys van boeke betref, daar afdoende bewys gelewer is dat daar geen onreëlmatighede ingetree het nie. Dit het inteendeel geblyk dat die boekhandel feitlik geen beheer oor die vasstelling van pryse het nie. Die uitgewer bepaal die prys van elke boek wat deur hom uitgegee word en die boekhandelaar is dan slegs daarop geregtig om 'n bykomende persentasie van die boek te hef wat die onkoste in verpakking en posgeld dek. Op die wyse word die prys van elke boek bepaal wat deur die boekhandelaar te koop aangebied word.

GOEDKOPER

'n Verskynsel wat voorkom is dat dieselfde boek se prys wel goedkoper kan wees by die een handelaar as by die ander, maar as dit gebeur, is dit slegs omdat die goedkoper boek van verouderde druk is. Dit gebeur min dat 'n boek 'n nuwe uitgawe beleef sonder dat die prys 'n styging toon. Dieselfde druk se prys word soms ook deur die uitgewer verhoog. 'n Boekhandelaar is nie by magte om 'n ou boek teen die prys van 'n nuwe druk te verkoop nie en so ook mag 'n nuwe boek nie teen die prys van 'n ou uitgawe verkoop word as 'n hoër prys daarvoor vasgestel is nie.

ONGUNSTIG

Die feit dat boeke uit die buiteland so duur is (veral die uit Amerika) is daaraan te wyte dat die dollar ongunstig met die rand vergelyk. 'n Boek van 25 dollar is in die V.S.A. redelik goedkoop, maar word die boek ingevoer en die prys omgereken Suid-Afrikase geld, sal dit R16 kos. 'n Voorbeeld is 'n handboek wat vir industriële chemie gebruik word wat binne die bestek van een jaar 'n prysstyging van R8 getoon het; en dit net omdat die boek 'n hersiene druk beleef het.

PRYSSTYGINGS

Daar is egter bereken dat studente vanjaar, globaal gesproke 10% goedkoper betaal vir boeke Hoewel daar individuele prysstygings voorgekom het, is veral oorsese boeke vanjaar goedkoper. Dit is hoofsaaklik die geval omdat deesdae veral die Amerikaanse boeke in Japanese band uitgegee word wat net so stewig is soos die gewone hardeblad, maar baie goedkoper is. Ongelukkig is nog slegs enkele uitgawes beskikbaar in die Japanese band.

BEHULPSAAM

Na in ag neming van al die feite, is daar tot die gevolgtrekking gekom dat: die boekhandelaars geen buitensporige winste uit die student se sak verkry nie; hulle in hulle eie sowel as die belang van die student, so behulpsaam moontlik optree; hulle diens lewer wat na verhouding met ander boekhandelaars moeilik op verbeter kan word.

Die bestuurder het ook 'n hede of klagtes openlik met hom te bespreek en sodoende enige moontlike misverstande uit die weg te ruim.

President gaan debatteer

Die president van die A.S.B., mnr. Boy Geldenhuys en die presidente van Nusas, mej. Margaret Marshall sal op 25 April te Stellenbosch in 'n debat teenoor mekaar te staan kom. Die debat word deur die debatsvereniging van die Universiteit van Stellenbosch gereël.

Die gegewens is deur mnr. Geldenhuys bekend gemaak op 'n perskonferensie waarby die president en onderpresident van die A.S.B. opgetree het. Sover bekend is dit die eerste perskonferensie wat nog ooit deur die A.S.B. gehou is.

P.U. IS NIE ENIGSTE

In 'n vorige uitgawe van Die Wapad is foutief berig dat Farmasie, Verpleegkunde en Spraakleer en Drama nie aan ander Afrikaanse Universiteite aangebied word nie. Beplanning word op voorgraadse vlak slegs aan die P.U. aangebied, maar dit is 'n nagraadse kursus aan ander universiteite.

Die P.U. is dus die enigste Afrikaanse Universiteit slegs in die

MATIE IS WENNER VAN KOERANTKOMPETISIE

Die Matie is aangewys as die wenner van 1966 se studentekoerantkompetisie wat deur die Afrikaanse Studentepersunie gereël word. Die besluit is geneem deur die bestuur van Aspu tydens die Aspu-konferenie wat op 14 en 15 April in Pretoria plaasgevind het.

Die besluit is geneem op die grondslag van die beoordeling van die studentekoerante deur redaksielede van drie Afrikaanse dagblaaie. Die totale puntesom wat behaal is op grond van die beoordeling van die Burger en die Transvaler is: die Matie 126, die Perdeby 126 en die Wapad 125. Die Volksblad se puntetoekenning is nie bekend nie.

Aangesien die Volksblad die Matie en die Wapad gesamentlik eerste geplaas het met die Perdeby in die derde plek, het die Matie die hoogste puntetotaal behaal en het die Wapad 1 punt minder as die Matie gekry.

Die verdere plasing van studentekoerante sal deur die bestuur van Aspu gedoen word na ontvangs van die puntetoekennings van die Volksblad.



'n Gedeelte van die Puk-afvaardiging op die A spu-kongres. Die redakteur van Die Wapad is aan die woord.

(Foto: Fotokuns)

KONSTITUSIE IS DEUR IKEYS VERWERP

Beroering heers op die kampus van die Universiteit van Kaapstad oor die nuwe grondwet vir die Studenteraad waarop die Raad van die Universiteit besluit het. Die nuwe grondwet, wat op 15 Maart in werking getree het, is uiters ongewild onder die grootste gedeelte van die studente, omdat dit gesegregeerde bedrywighede op die kampus toelaat. Die konstitusie is deur die Universiteiteraad opgestel nadat min. De Klerk sy voorneme bekend gemaak het om apartheid op universiteitskampusse in wetgewing af te dwing.

Die studenteraad, wat volgens Varsity, studentekoerant van die universiteit, feitlik deur die bank teen die nuwe grondwet gekant is, het na dit in werking getree het, samesprekings met die universiteitsraad gevoer. Hoewel oor sekere sake ooreengekom is, kon geen eenstemmigheid bereik word oor klousule 17 — oor apartheid in klubs — nie.

Die jongste verwikkeling is dat 1200 studente op 23 Maart op 'n massavergadering 'n mosie aangeneem het waarin apartheid op die kampus verwerp is en die universiteitsraad gekritiseer is. Daar was slegs 53 teenstemme. In die besluit word ook aan die studenteraad opdrag gegee om 'n nuwe konstitusie op te stel met slegs die voorbehoud dat die verskanste artikels in die ou wet nie verander moet word nie.

Op die vergadering het U.K. se S.R-voorsitter, mnr. Ian Hume, gesê: „Die studenteraad met die uitsondering van 'n klein minderheid, glo dat die vryheid van die individuele persoon belangriker as die vryheid van 'n klub of vereniging is."

'n Alternatiewe mosie, dat die nuwe grondwet aanvaar word, is ingedien, maar die voorsteller, mnr. James Ramsay, is telkens deur die massa doodgeskree.

SANSPA/VARSITY

50 Maties slaap op karnaval

Een van Stellenbosch se koshuise, Helderberg het op die onlangs afgelope karnaval daarin

Prof. Duvenage lewer rede

Die hoof van die departement Bybelkunde, prof. S. C. W. Duvenage, het verlede Vrydagaand sy inougurele rede in die konservatoriumsaal gelewer. Prof. Duvenage, voorheen predikant van die Gereformeerde Kerk Noordbrug, se rede het gehandel oor die gesag van die Heilige Skrif.

RAAD

Voordat prof. Duvenage aan die begin van 1966 tot die personeel van die P.U. toegetree het, was hy reeds twaalf jaar lid van die Raad en Raadsverteenwoordiger op die Senaat en gedurende die laaste agt jaar voorsitter van die Raadskomitee vir Inwendige Beheer. Hy is verder voorsitter van die Vereniging vir Christelike Onderwys en vise-voorsitter van die Nasionale Jeugraad van die F.A.K.

Agente vir:
INNOXA COTY
VITAMOL
Besoek ons uitgebreide
GESKENKEAFDELING
DIE BULT-APTEEK
Tomstraat 88b & c — Tel. 5943
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
Ondersteun 'n Oud-Pukkie



GROSVENOR MOTORS
LOMBARDSTRAAT 47
KERKSTRAAT 69
TELEFOON: 4351/2/3
GEMAGTIGDE
—FORDHANDELAARS—
ANGLIA — CORTINA —
CORSAIR — ZEPHYR —
ZODIAC — FAIRLANE en
GALAXIE
Asook:
Vespa
en
Lambretta
BROMPONIES

VIR AL U APTEKERS- EN
FOTOGRAFIESE
BENODIGDHEDE
BESOEK:
APTEKERS
J. P. VAN DER WALT
(EDMS.) BPK.
Kerkstraat 118
Potchefstroom
TELEFOON: 3237

J HEIDEMA
vir
FIETSE
en vakkundige
Herstelwerk
—
Opberging
van fietse gedurende vakansies.
Kerkstraat 48 — Tel. 5319

GISELA MAIWALD
Fotograaf en Fotografiese dienste.
TOMSTRAAT 100
POTCHEFSTROOM

Ruikers vir alle geleenthede
BOUQUET
BLOEMISTE
Johan Dreyer-gebou
Tel. 6575

die WAPAD
WOENSDAG 19 APRIL 1967

BANG?

Die uitnodiging van 'n bekende boekhandel in Potchefstroom om 'n ondersoek in te stel na sake waarop in 'n brief in Die Wapad kritiek uitgespreek is, is 'n reaksie wat in alle opsigte as verblydend bestempel kan word. Die positiewe reaksie is veral te waardeer, aangesien dit iets is wat vandag uiters selde voorkom.

In rubrieke en artikels van Die Wapad word dikwels kritiek uitgespreek op gebeure en toestande op en om die kampus. Die kritiek bly meesal onbeantwoord, en, na dit wil voorkom, soms selfs onopgemerk.

Waarom is daar so weinig reaksie?

Dit kan miskien geredeneer word dat Die Wapad die menings van die P.U.-studente so goed vertolk, dat reaksie eintlik oorbodig is. Die redenasie gaan egter nie op nie, aangesien die redaksie wel, dikwels langs 'n omweg, die uiters vae aanduiding hoor dat persone „nie lekker voel" oor iets wat in Die Wapad verskyn het nie.

Waarom beperk die student sy reaksie meesal net tot 'n gevoel? Dit is heel moontlik dat laksheid om tot iets daadwerkliks oor te gaan hiervoor verantwoordelik is.

By die boekhandel het sakebelange ongetwyfeld gelei tot die verblydende reaksie. Dit was egter ook duidelik dat die onderneming daarvan oortuig was dat hy die kritiek as onregverdig kon bewys.

Dit kan dus met reg gevra word of die gebrek aan reaksie nie op gegrondeheid van die kritiek dui nie.

Die Wapad wil geensins pretendeer dat kritiek en menings wat in sy kolomme verskyn altyd onweerlegbaar is nie. Daar word dikwels juis menings uitgespreek in die hoop dat dit tot 'n opbouende polemiek kan lei.

'n Mens kan nie aan die gevoel ontkom nie dat die meeste studente bang is, indien nie vir kritiek nie, dan wel vir polemiek.

KUNS-ONKUNDE

Daar is verskeie aanduidings van vooruitgang op kunsgebied aan die P.U. Die onlangse stigting van 'n skakelkomitee wat verskillende kunsinstellinge aan die universiteit sal bymekaar bring, is 'n bemoedigende stap.

Tog is dit 'n moeilik betwisbare feit dat nie net die aantal kunsbeoefenaars nie, maar ook die hoeveelheid studente wat in die kunsaktiwiteite belangstel, maar baie klein is.

Die gebrek aan belangstelling gaan meesal gepaard met weinig waardering vir die kuns.

Die gemidelde student is nie in staat om te kan redeneer oor bv. die gehalte van 'n meesterkonsert of van 'n kunsuitstalling nie.

Kunswaardering is iets, wat seker nie sonder sekere inherente bekwaamheid kan geskied nie, maar wat tog beslis ook 'n kwessie is van opvoeding.

Studente met groot akademiese bekwaamheid toon dikwels 'n ontstellende onkunde op kunsgebied Sulke studente is dikwels wel deeglik bewus van die leemte in hul opvoeding, maar dit is nie altyd maklik om iets daaraan te doen nie.

Dit is 'n ongelukkige feit dat kunswaardering meesal afgeskeep word in die opvoeding tydens die skooljare. Dit is egter nie te laat om die leemte op universiteit aan te vul nie.

Daar bestaan 'n behoefte aan fasiliteite wat studente op 'n aangename eenvoudige manier opleiding kan gee in waardering van alle aspekte van die kuns, al is dit alleen wat die mees fundamentele betref.

Die belangstelling in so 'n instelling mag aanvanklik klein wees. As dit op 'n gesonde basis beplan word, kan dit byna nie anders as dat 'n steeds breër groep bereik word nie. In elk geval sal dit alleen kan bydra tot groter bloei van die kunslewe aan die P.U. vir C.H.O.

REDAKSIE

Hoofredakteur : Pieter de Klerk.
Onderredakteur: Neels Smit.
Tegniese redakteur: André van Jaarsveld.
Nuusredakteurs: Tom Larney — Tel. 2172.
Ben van Jaarsveld — Tel. 2067.
Nuusverslaggewers: Izak Bekker, Ansie Beukes, Piet van Schalkwyk, Dawid van Wyk, Marita Vermaak
Kunsredakteur: Piet Roodt — Tel. 2172.
Kunsverslaggewers: Kobus Coetzee, Marlene Smit.
Sportredakteur: Chris Swanepoel — Tel. 2171.
Sportverslaggewers: Lood Dercksen, Marietjie Swart.
Fotograwe: Leunis van Rooyen, Izak Bekker.
Spotprenttekenaar: Lood Dercksen.
Advertensiebestuurder: Nic Lessing — Tel. 3827.
Sirkulasiebestuurder: Hans Grobler.

In U Lig

2 Tim. 2:5 En verder, as iemand aan 'n wedstryd deelneem, word hy nie bekroon as hy nie volgens die reëls gewedywer het nie.

Die kerk, godsdiens, die persoonlike geloofslewe, ja, ook die Heilige Skrif word so dikwels deur ons jongmense met reserwe bejeën. So asof dit dinge is wat ons nog nie ten volle raak nie, word dit al te dikwels op die agtergrond geskuif. Die gedagte bestaan dat dit eerder vir die meer gevorderde jare bedoel is wanneer 'n rustiger lewe gelei sal word en daar meer tyd voor sal wees.

Tog staan die Skrif, ook vir die jongmens van vandag, nie lewensvreemd nie maar midde in die werklikheid van die lewe. Dit vermaan en betig, troos en spoor hom aan. Dit bied weliswaar nie 'n gevalleleer wat voorskryf wat om in elke situasie te doen nie, maar gee die suiwere lewensbeginsels, die lig waarin ons die lig sien.

In ons teksvers handel die apostel Paulus oor volharding. Dit doen hy in die beeldspraak van 'n atletiekbyeenkoms, aan hom as kenner en bewoner van die Griekse kultuurwêreld so bekend en ook dikwels deur hom in sy beeldryke taal gebruik. Geen atleet word met 'n prys bekroon nie tensy hy tot aan die einde van die wedloop oorwinnaar bly. Hierdie oorwinning word ook alleen deur inspanning en volharding behaal. Iemand wat voor die einde tou opgooi en maar gaan rus, kan nie verwag om 'n lourierkrans te ontvang nie, veel eerder minagting! Hy moet die reëls wat vir sy bepaalde nommer geld, ten volle nagekom het.

Ook vir ons studentegemeenskap is dit 'n besonder toepaslike woord. Op 'n verskeidenheid terreine word die aandag in beslag geneem: akademies, verenigingslewe, georganiseerde sport en ontspanning — hulle wat bestuursposte beklee sowel as die gewone lede. Van elkeen word getrouheid, toewyding en volharding vereis. Eersoekerigheid, traagheid, louheid en halfhartigheid het geen plek nie en moet afgelê word. Alleen hy wat die reëls van die wedloop nagekom het, sal die kroon van oorwinning ontvang.

- Deur My Lens -

Ons lewe voorwaar in 'n verbasende tyd. Baie lank hierna sal ons nageslagte bes moontlik praat van die Afrikaner se kultuurverskuiwingstydperk. Ook die Pukstudent is hiervan nie geheel en al geïsoleer nie. Ons lokale kultuur is besig om met rasse skrede te ontwikkel. Van die koffiekan-gesprek het dit gevorder tot die simposium. Ons stuur die eerstejaars al om die saal vol te sit tydens die interfakultêre lesings.

Op die terrein van die kunste is die ontwikkeling fenomenaal. Daarvan getuig elke meesterskonsert. Ons daag selfs al in getalle van drie tot vier op by kunsuitstallings. Ons dra die geblomde das en die geblomde onderbaadjie. Ons bemerk die minirok. Cleopatra se geverfde aangesig (tot enkelinge beperk) verskyn hier en daar in ons midde. Op die kampus verkondig Calvyn: „Ek offer my hart."

Voorwaar, 'n tyd van teenstellings, 'n tyd van duiselingwekkende afwisseling. Die tyd van die paradoks. Ons sien dit op die kampus: Ligte wat saans skyn waar dit nie moet skyn nie. Spuitfonteine wat nie spuit nie waar dit moet spuit. Mense wat sê wat hulle nie moet sê nie en nie sê wat hulle moet sê nie.

Ons intermenslike vernoudings word, danksy die moderne vervolmaking van kommunikasiemetodes, nie meer beperk tot praat en beduie nie, maar dit word 'n dieper psigiese belewing. So het ons sleepaktiwiteite ook ontwikkel. Ons loop oor sementblokke en luister na die poësie van die bome, die kwartels lag inkennig en knik asof hulle begryp, die wind druk minsaam teen mens aan, die horisonte wys die pad: boontoe. Agter die heining lag 'n harlekyn.

Ons behou die waardigheid, want die mense kyk. Elkeen aspireer plegtig na die trappie net 'n entjie hoër, tot nou toe nog onbereikbaar. Baie kom laat op publieke samekomste, sodat hulle gesien kan word. Elkeen is gelade met 'n spesifieke ambisie. Ons handhaaf onsself. Niemand draai sy oë links of regs nie. Die mense kyk. Hulle praat.

INSPEKSIE

Sedert die aanstelling van word selfs deurgewinterde ouhere se kamers in netheid aangetref. Want daar word gereelde formele inspeksie gehou!

REFLECTOR

Ons Flitsgedagte

KETTERJAGTERY

Ek praat nie van die bonkige ou profete wat die ketters uit die kring van die waarheid wegslaan nie.

Ek praat van die ketterjagtertjies waarvan baie op die campus rondsluip. Hulle oortjies is spits; hulle neusie is skerp; en hulle tongetjies is vol verdagmakery. Oral dra hulle 'n swartverfblikkie rond en een-twee-drie verf hulle die swart kol op hulle ewenaaste.

Piet het êrens bedenkinge uitgespreek teen een of ander „beginsel" van ons Universiteit — en die swart blerts van die ketter word dwarsoor hom getrek.

Koos wou nog maar net redeneer oor die evolusie, toe is sy naam klaar op die swartlys.

En so word mense verketter — die hele lot — al die ou soekers en onsekeres, al die onkundiges en mense wat misverstande het, al die wat so aangelê is om eksperimenteel te dink en wat dit in die bloed het om bietjie uitdagende en aanvegbare knuppels in die hoenderhok te gooi.


Die moraal van die storie is dit: weerhou jou daarvan om iemand oorhaastig as ketter te stempel. Alleen as iemand 'n werklike beginsel hardnekkig oorboord gooi en volhardend die waarheid teenstaan, kan jy hom 'n ketter noem.

Die student wat in 'n rigorisme 'n absolutisme wil afdwing vernietig die vryheid van diskussie.

Die student wat almal en alles met een of ander „isme" wil doodverf staan beskuldig dat hy 'n rol speel wat ons Christelike lewensbeskouing nie dien nie.

En as jy 'n ware ketter gevind het?
Kommunikeer met hom i.p.v. om hom agter sy rug te klap.

DIE EENSAME



(Na aanleiding van mnr. J. J. van Rooyen, hoofredakteur van die Transvaler se toespraak voor die Aspu-konferensie).

Ons Lesers Skryf

Pasop vir Godsveragting in eie geledere sê Puk

Geagte Redakteur: Hoe ver het die Amerikaanse Sekularisme, die teologie van „God is dead" al in S.A. geïnfiltreer? Die vraag word sonder simpatie beantwoord deur die joolblad van die Universiteit van Kaapstad Sax Appeal, 1967.

Openlik word dinge soos hierdie daarin gesê:

„How degrading to worship God, On your knees, I ask you, how odd."

Oral merk 'n mens egter die twyfel aan die almag van God op. 'n Sekere onderneming in Pretoria wat bekend is as spesialiteite in diereopstoppings stel o.a. as voorwaarde waaronder goedere vir bewerking ontvang word:

„Terwyl die beste voorsorgmaatreëls geneem word, word geen verantwoordelikheid aanvaar vir enige artikel wat beskadig, verbrand, of gesteel word of deur optrede van God of enige ander rede."

Aan God word nie meer die absolute almag en seggenskap aanvaar nie maar nou word God gelyk gestel aan „enige ander rede."

Op die kampus van 'n ander bekende Afrikaanse Universiteit wou die bekende Boemerang-publikasies 'n uitgawe versprei wat sou handel oor sluipmoord. Op die oog af lyk die boekie leersaam en goed, ja, dis selfs anti-Kommunisites! 'n Ander tendens is egter hier te bespeur, nl. die bekende en ou vyand, Humanisme, wat nou deurgetrek word tot by die Christelike Godsdiens as hy sê:

„However you may picture God, whether you are a Protestant or a Catholic, whether you are a Moslem or a Buddhist, remember that above and beyond all these symbols of our belief in God there is but one true God and that God is Truth."

Laat ons dan ligloop vir die openlike veragting van God en ons Christelike beginsel, maar veral vir daardie bedekte, skynbaar onskuldige en onbewuste verwerping van God se almag.

BENNIE VAN JAARSVELD

(Brief verkort — Red.)

P.U.-dames tevrede met koshuisreëls

'n Meningsopname is gedoen onder inwoners van die dameskoshuise van die P.U., oor die houding teenoor die koshuisreëls. Dit geskied na aanleiding van klagtes oor koshuisreëls deur dames van die P.O.K.

Mej. Elsa Stigling van Klawerhof meen dat daar moontlik meer laataande aan die eerstejaars toegestaan kan word. As 'n mens net een het weet jy nooit wanneer om dit te gebruik nie. Aan die ander kant is dit ook weer glad nie moeilik om 'n spesiale laataand te kry as jy dit regtig nodig het nie.

NAWEEK

Mej. M. van der Merwe van Klawerhof sê dat sy dood tevrede is om met die huidige koshuisreëls te aanvaar. Dit sal egter nie te sleg wees as die senior dames ook Vrydag-aande kan afkry nie. Sy sê dat die laataande heeltemal genoeg is, dis maar net omdat 'n mens Vrydag-aand al as deel van jou naweek beskou.

Die reël dat dit verpligtend is om die aandete by te woon word nie juis meer as 'n reël beskou nie, sê mej. M. le Roux (Klawerhof) „maar mens is amper moreel verplig om dit by te woon. In elke geval — sonder kos bly 'n mens seker nie graag nie."

OUD PUKKE

„Ek bly dood lekker en het geen klagtes nie" sê mej. Heilna Venter 'n derdejaar-student van De Klerkhuis. Mej. Santie de Bruin van dieselfde koshuis het een groot klagte en stel haar saak baie prominent. „Hoekom moet 'n Oud-Puk wat 'n naweek hier kom deurbring en dan in die koshuis by haar maats slaap betaal vir 'n bed.

In die meeste gevalle slaap die persoon op 'n bed van iemand wat vir die naweek huis toe is en dan moet hy sowaar daarvoor betaal. As dit dan maar al was, maar nou moet hulle nog betaal vir die kos ook! Dis vir ons almal baie interessant om te verneem dat ons losiesgeld nie geld insluit vir naweke wat jy huistoe gaan nie."

Oosterhof se dames voel almal heeltemal gelukkig en die ouere garde hier sê hulle bly nog al die jare baie lekker — reëls of nie reëls!

Die mening dat dissipline wel nodig is in die dameskoshuise, word sonder meer aanvaar. Waaroor die P.U.-dames veral baie gelukkig voel is die feit dat regulasies nie oordryf word nie omdat selfdissipline in die geval 'n bepalende faktor behoort te wees!



Mnr. D.A.S. Herbst, assistentnuusredakteur van die Transvaler. Mnr. Herbst is 'n voormalige „Wapad" redakteur en die eerste persoon wat op die onlangse gradeplegtigheid 'n M.A. graad in perswetenskap ontvang het.

(Foto: De Zee)

Studente is roekeloos

Volgens die Perdeby het sersant Pretorius van die Brooklynse Polisiestasie verklaar dat die studente van U.P. bitter nalatig is. Roekeloosheid of onbekwame bestuur is baie selde die oorsaak van ongelukke waarin studente betrokke is.

Fietsryers wat langs mekaar ry of al spelende ry en nie na die verkeer oplet nie veroorsaak die meeste ongelukke. Sers. Pretorius het meer as 'n honderd ongelukke vanjaar ondersoek.

Port Elizabeth verbied A.S.B. en Nusas

Die studente van die Universiteit van Port Elizabeth het beide die A.S.B. en Nusas op hulle kampus verbied. 'n Vereniging onafhanklik van enige politieke of godsdienstige groep en ter bevordering van „die Suid-Afrikaanse kultuur" word in die plek daarvan beoog.

Hierdie besluit is volgens 'n berig in Vrydag se uitgawe van 'n Kaapse oggendblad onlangs op 'n monstervergadering van studente aan die universiteit geneem.

SAMESMELTING

Mnr. Piet Snyman, 'n student aan U.P.E., het aan 'n verslaggewer van die blad gesê dat die nuwe organisasie 'n samesmelting van die A.S.B. en Nusas sal wees „om albei die groepe aan die Universiteit tevrede te stel."

Van die Studenteraadstafel

Op Vrydag, 17 Maart is 'n Beleidsvergadering by die Universiteit van Pretoria gehou waar sekere aspekte rakende die Student behandel is. Daar is besluit om namens die Afrikaanse Studente 'n Erepenning aan die Eerste Minister en 'n oorkonde aan die Regering te oorhandig. Die oorhandiging sal in die Kaap geskied. Op die oorkonde sal soveel handtekeninge as moontlik van studente verskyn.

TAALHANDHAWING

In verband met die Taalhandhawing is besluit op 'n Vierpuntplan wat die volgende insluit:

(a) 'n Simposium op elke Universiteit;

(b) Artikels in Studentekoerante;

(c) SR-inisiatief;

(d) Dr. Geertsema sal namens die ASB-Hoofbestuur inrigtinge besoek en omsendskrywes rig.

Insake die gewentensklousule sal daar daadwerklike pogings by alle bestaande en nuwe inrigtings voor te staan.

KUNSFEES

Die jaarlikse A.S.B.-kongres en Kunsfees word hierdie jaar van 3—7 Julie in Bloemfontein gehou en die Tema is: „Afrikaanse Idealisme." Aan die P.U. vir C.H.O. is opgedra om 'n referraat te lewer in verband met die Pers en Afrikaner-Idealisme.

Verskeie besware is geopper oor die huidige samestelling van Ateljee 66, nadat die verskillende Universiteite en Kolleges op die skrywe van die ASB geantwoord het.

SKAKELTOER

Daar is al baie geskryf en gesê oor die voorgenome Skakeltoer van die Studenteraad na ander Universiteite en op 'n onlangse Studenteraadsvergadering is 'n memorandum vir bespreking deur die Studenteraad goedgekeur. Aan die hand van hierdie memorandum sal dan bepaal word watter van die memorandum lui: (i) Gesag en Organisasie van die Studenteraad wat o.a. die samestelling en verkiesing van die Studenteraad insluit en ander konstitusionele sake en verder sluit dit ook die verhouding tot die Owerheid in. Onder hierdie hoof word ook die Verhouding tot die massa behandel.

KULTUURLIGGAME

Die tweede hoof punt handel oor die kultuurliggame en die werksaamhede rondom die kultuurbedrywighede. Ontspanning sal ook deel uitmaak van die agende, asook sport. By eersgenoemde word nie net aandag gegee aan die Ontspanningskomitee se werksaamhede nie, maar ook aan breë ontspanning en Vreugdedag, ens. Finansies word ook behandel en laastens Skakeling waar aandag gegee sal word aan die Skakelkomitee, Inter-Universitêre Korrespondensie en Publikasies, asook skakeling met buite-

na aksie..
satisfaksie



ol- a smaak ol

Vincent Fritelli vertolk Beethoven uitstekend op konsert

VINCENT Fritelli, jong Suid-Afrikaanse violis, met begeleiding deur José Rodrigues-Lopez, het Saterdagaand 15 April 'n briljante uitvoering van vioolmusiek in die Konservatoriumsaal aangebied. Werke van Vivaldi, Morzart, Beethoven, Saint-Saëns, Kreisler e.a. is uitgevoer.

In elke uitvoering het die jong violis getoon waarom hy vandag tot die beste gereken word. In Paganini se moeilike Caprice wat geweldige eise aan die violis se vaardigheid stel, het hy skitterend en volkome meester van die werk, daaraan gestalte gegee.

Beethoven se sonate no. 4 in A mineur opus 23 was m.i. een van die hoogtepunte van die aand. Dit is een van Beethoven se vroeëre werke en besit miskien nie al die dramatiese kwaliteite van sy latere groter komposisies nie, maar die varsheid, die sjarme en weemoedige klank van die eerste twee gedeeltes kom tot volle ontplooiing in die lewenskragtige aandrang van die finale.

NUUT

Ook Mendelsohn se Concerto in E mineur het beïndruk vanweë die sterk romantiese aksent. Die hele werk is nuut in uitdrukking; eintlik totaal anders in die wyse van aanbieding. Van die begin af neem die viool met 'n bedrieglike eenvoud die leiding. Die hele gedeelte bevat van die mooiste gedeeltes in die medium van musiek: vol hartstogtelike pasasies, klassieke skoonheid en melodie. 'n Lighartigheid en vrolikheid heers aan die einde en bring die werk so tot 'n gelukkige einde.

NIE MINDERWAARDIG

Nie een van die ander kunstenaars was minderwaardig in die program nie. En in die geheel gesien was dit 'n baie gebalanseerde program wat verteenwoordigend was van die eise en grootheid wat in die genre heers.

Ludwig



Vincent Fritelli luister na 'n opname wat aan hom terug gespeel word van sy uitvoering Saterdagaand. Die opname is gemaak deur Z. Coetzee.

(Foto: Fotokuns)

DIE BULT

DAMES HAARKAPPERSALON

ons spesialiseer...

Tomstraat 86A

Telefoon 5537

Met komplimente van

AJAX

(Edms.) Bpk.

BOEKE — SKRYFBEHOEFTES

KUNSGESELSIE

Ons lewe vandag in 'n tyd waarin daar baie gepraat word oor die bedreiging van ons Volkskultuur; of in breër sin, die bedreiging van die Christendomlike Westerse kultuur. Tog bly die begrip „kultuur" vir baie nog vaag en is baie van die definisies van kultuur vir die Calvinis nie houbaar nie.

DEFINISIE

Dr. C. N. Venter gee aan ons 'n gangbare definisie as hy praat van kultuur „as 'n positiewe, bouende, versorgende wyse van lewensindiensstelling deur enkelinge, huigesinne, groepe, volkere, ens., selfs oor verspreide wêrelddele (bv. Jode) ooreenkomstig een of ander bepaalde lewenskode as tradisie en 'n daarmee ooreenstemmende toekomsverwagting."

Kultuur omvat dus die hele lewe van die kleinste vorm van bouwerk tot die grootste argitektoniese struktuur. Die mens is gebied om te heers oor die aarde en daarom staan hy in diens van God, sy medemens en homself.

UTOPIE

Hierdie lewensindiensstelling word gedra deur die toekomsverwagting: by die Christen, die hiernamaals en by die ongelowige, die utopie. Wanneer die Calvinis dan kultuurvormend besig is; sien hy altyd daaragter die koms van die Koninkryk van die hemele. Daarom is dit ook sy taak om altyd sy bouwerk „In U Lig" te doen.

VERSORG

Om kultuur met kuns te assosieer is te eng. 'n Taalanalise van die woord „kultuur" verklaar tog dat dit kom van die Latynse woord „colere" wat beteken „om te versorg."

LEWENSKODE

As ons dan nou praat van 'n bedreiging van ons „Volkskultuur," dan moet ons dit sien as 'n bedreiging van ons lewenskode. Tog moet ons ook rekening hou met progressie in ons kultuur en moet ons nie noodwendig alle „nuwe idees" as 'n wesenlike gevaar vir ons kultuur beskou nie. Dit kan daarenteen net sulke positiewe bouwerk as die tradisionele verrig.

Ons kan langs die Christelike weg die goeie uit die „nuwe" neem en daarmee woeker en bou tot die ontplooiing van ons Volkskultuur.

Aan die anderkant moet die tradisie nie verwerp word nie; maar hand-aan-hand gaan met die „nuwe". Alleen as die balans hiertussen gehandhaaf word, kan die toekoms oopgaan vir ons Calvinistiese kultuur.

J. M. V.

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

Boeke vir Studie en vir Ontspanning

PRO REGE-PERS BPK.

„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"

Kerkstraat 91—95 Telefoon 5236/4944

H/v. Tom- en Borcherdstraat Telefoon 3431

POTCHEFSTROOM

SKAKELKOMITEE VIR KUNS IS GESTIG

Daar word tans groot vordering gemaak op die gebied van kuns aan die P.U. Die Departemente Ontwikkeling en Drama en Spraakleer, die konservatorium en die A.B.K.K. het hulle kragte saamgesnoer in 'n komitee wat hulle die Skakelkomitee noem.

Die komitee moet die bedrywighede van die Universiteit op die gebied van die uitvoerende kunste en die kultuur beter koördineer. Die vier instansies sal saamwerk om opvoerings na binne en buite op 'n hoër standaard te bring.

SWAK

Al die huidige belemmerende faktore van 'n gebrek aan finansies, swak afrigting en ontoereikende fasiliteite sal deur die samesnoering van kragte oorbrug word.

SITTING

Die volgende verteenwoordigers van die onderskeie liggame het sitting op die komitee: mnre. H. M. Robinson (voors.), J. H. Kruger, T. Botha, P. G. Snyman, Nico van der Merwe (sekr.), J. van Rensburg, S. Venter en proff. M. C. Roode en D. P. Erasmus.

Instituut aan P.U. is vir studente gestig

'n Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste en Navorsing is gedurende 1966, onder leiding van prof. T. A. van Dyk as Direkteur, aan die P.U. vir C.H.O. gestig.

Die dosente van die Instituut bestaan uit dosente van verskillende departemente aan die universiteit. Hulle sal hulle kragte saamgooi in 'n poging om die probleme van die studente vanuit verskillende gesigspunte te benader en dan so effektief moontlik op te los. Die hulp van mediese praktisyns, spesialiste, psigiaters en maatskaplike werksters sal ook soms ingeroep word.

PROBLEME

Geleentheid word nou aan die studente van die universiteit gebaud met studierigting, kursusse of spesifieke studiemoeilikhede te kom bespreek. In gevalle waar dit nodig blyk te wees word beroepstoetsing toegepas. Studente word ook aangemoedig om die Instituut te nader met probleme soos bv. oriëntasie, aanpassing en ook persoonlikheidsprobleme.

Dienste sal gelewer word aan die studente, die publiek en ook aan die wetenskap. Klinies-sielkundige dienste wat gebied word, sluit in die hantering van aanpassings- en perssoonlikheidsprobleme, huweliksmoeilikhede en

AANKONDIGING

PAN COETZEE UNIEWINKELS

GRAAG KONDIG ONS AAN DAT DIE WELBEKENDE FIRMA, PAN COETZEE, NOU ONDER BESTUUR IS VAN UNIEWINKELS, DIE MODERNE WINKEL, MET MODERNE DINGE VIR MODERNE MENSE.

OOR VINKE

Die lied van vinke en tarentale
iets misties omtrent my oë—
die totaliteit van denk en skrik:
„bella donna, bella mia"

Die wêreld anderkant vandag
duskant jou hande, jou oë:
— anderkant eergister —
Jubilate Dominum.

Die kapperkruid was vanmore
in bloei
O Here, so mooi soos U liefde
. . . en die dae klim opmekaar
paar aanhoudend in die son.

. . . die stil dae van God . . .

ons is die honde
wat teen die aandson blaf:
„die honde van die Heer"

ek het weggegaan
en woon in verlange
in berge en klowe —
soos hierdie vers
uit die tulpe teen die hange
groei.


RODOT

Beginners leer volkspele

Die P.U.-volkspelelaer het nou ook 'n begin gemaak met 'n „Beginnersgroep." Nico van der Merwe en Breggie Engelbrecht sal Donderdagaande in die ou Hoofgebou die nuwelinge tuismaak in die kunsies van Volkspele.

Alle Pukke wat in die verlede te skaam was, is nou welkom. Daar sal glo baie geduld beoefen

Verlief Verloof Verlore?



deur CUPIDO

Dagsê aan al my slepers. Ek hoop julle het almal 'n baie lekker vakansie gehad en dat ons goed uitgerus het. Met die naderende toetse lê daar harde werk voor maar nou ja: wie van ons vrees nou 'n ou toetsie. Ag nee wat met 'n bietjie ondersteuning van . . . hoe sal ek nou sê? Aan 'n geliefde se kant is daar mos niks waarvoor ons bang hoef te wees nie. Vra maar vir Jorik Piso en Elsa Coetzee wat sommer 'n baie sterk voorliefde vir die „bib" het.

BOSVELD

So van vakansie gepraat, Mathilda van Vuuren sê dat dit darem 'n baie lang tyd was om nie vir Basie Gey van Pittius te sien nie. Dewald Hatting en Liz Badenhorst sê weer dat hulle 'n wonderlike vakansie in die Bosveld deurgebring het.

Die spreekwoord sê mos: „Ou liefde roes maar verroes nie." Is Dries du Plooy en Heilna Venter nie 'n sprekende voorbeeld hiervan nie? Ek hoor ook so terloops dat Koos du Plooy en Corita Venter hulle verhouding met 'n sterk „band" verstewig het nl. 'n ring (Verstaan my reg, nie 'n verloofring nie hoor!)

SYPAADJIE

Dirk Grobler het intussen vasgehaak by Oosterhof. Hy sê glo as Magriet Peens op die sypaadjie loop en hy in die straat langs haar, hy geen probleme met sy lengte het nie. Ek hoop nie Chris Coetzer en Martie van Wyk het dalk verlede week by Johan en Christa aangesteek nie.

REËN

Loutjie Prinsloo en Titia Schoeman sê dit maak nie saak of dit reën of mooi weer is nie, vir hulle is dit altyd lekker om te sleep. Wouter van Hoven en Hestrie Snyman beweer dat hulle nou al lank genoeg sleep om 'n plekkie in Die Wapad te kry. Kobus Erasmus en Hannetjie Coetzer wonder ook al lankal hoekom daar nog nooit van hulle melding gemaak is nie.

GESAG

Die lewe het skielik nuwe betekenis gekry vir Dawie Viljoen en Bettie Bingle. Nou verstaan Dawie ook sommer baie dinge wat op die Puk aangaan . . . hy kry dan nou inligting van die hoogste gesag op die plaas.

Dit maak glo nie vir Alida Reynecke saak of Kobus du Plessis met 'n wit Borgward of 'n groen Zephyr na haar toe kom nie. Solank hy maar net gereeld daar opdaag. George Muldner sê dat hy 'n baie „lang" asem nodig gehad het om vir Stephanie Aucamp in te hardloop.

Die Engelse Departement het vir Ferdinand van Oosten en Joan Crafford 'n billike kans gegee om vir mekaar ogies te maak. Fred Potgieter en Ina Gouws sê glo dat 'n sportoefening glad nie uitputtend is as 'n mens mekaar daarna kan vergesel tot by die koshuis nie.

Carl Roode sukkel so bietjie met sy gesondheid en daarom het hy om hulp aangeklop by Annamarie Rossouw.

Net gou-gou vir julle nog 'n paar sleeepers noem: Sarel Myburgh en Leonora Heiberg, Kobus Fourie en Ellen Botha, Stoffel Kruger en Mietie van der Merwe, Pine Pienaar en Helene Schwartz, Navy Lindeque en Amanda Gerber en Dirk Wijnbeeck en Nelrita Schutte.

Ek moet weer afskeid neem my liewe slepers en sleperesse. Hou maar die blinkkant bo tot volgende keer.

Afrikaner aanvaar nie Afrikaans as sy taal

Die vraag is: Wat is Afrikaans? Die taal wat ons daagliks praat of die taal wat ons in Afrikaanse boeke lees? Dit staan bo alle twyfel dat daar wel 'n verskil bestaan — soms bestaan die verskil slegs in die gebruik van vreemde woorde; in ander gevalle raak dit 'n hele sinskonstruksie of 'n idiomatiese uitdrukking.

'n Verdere vraag is of hierdie spreektaal nie dalk later die onderwerp van 'n taalstryd gaan word nie. Gaan daar nie miskien weer 'n „Gang of genuine Afrikaners" ontstaan wat gaan stry vir die amptelike erkenning van „hobo lingo" nie? Die antwoord op hierdie vraag is myns insiens duidelik — dit lyk nie so nie.

Die rede waarom so geantwoord word, is omdat die Afrikaner nie hierdie „taal" aanvaar as sy taal nie. Ja, selfs al praat hy dit! Die strewe na 'n so min moontlike vreemd-beïnvloede taalidentiteit duur voort. Wys Afrikaners op swak taalgebruik en 95% van hulle sal om verskoning vra.

VOLKSOORTUIGING

'n Taal is eers die taal van 'n volk as dit deur volksoortuiging as hulle taal aanvaar is. Die suiwere Afrikaans is nog die bestaande aanvaarde taal van die Afrikaner.


BETRAP

'n Belangrike vraag is nou: waarom praat die Afrikaner dan nie daardie taal nie? Die rede — hulle is ongedisiplineerd. Hierdie verskynsel openbaar hom nie alleen op taalgebied nie, maar op baie lewensterreine. As elkeen homself net vir 'n paar weke daarop toelê om suiwer te praat, dan sal hy (en nog belangriker: sy kinders) hom spoedig betrap dat hy sy taal kan praat. Watter ervaring behoort dit nie te wees om jou eie taal te praat nie?

GEES

Elke taal het 'n gees. Soms sou 'n mens iets gouer en vinniger in 'n ander taal kon sê. In so 'n geval praat 'n mens in die gees van daar die taal en is jy eintlik lui. Kyk net hoe omslagtig praat die Bantoes soms. Dit is mooi, want dit gee aan hulle taal 'n besondere gees. Deur 'n bietjie dissipline snap 'n mens gou die gees van 'n taal.

J. M. T. LABUSCHAGNE



Die welbekende onbekende van die Puk. N. S. Mokatsane het in Junie 1962 in diens getree by die biblioteek waar hy 'n bekende figuur vir die studente geword het. Behalwe dat hy boeketasse in bewaring neem, is hy ook daarvoor verantwoordelik dat al die kaartjies met die name van die skrywers wat uitgeneem is, in alfabetiese orde gerangskik word. Hy het reeds die preliminêre eksamen afgelê in biblioteekkunde; tans is hy besig met sy sekondêre eksamen in biblioteekkunde en hy moet nog net een kursus voltooi om 'n volle sertifikaat te verwerf.

(Foto: De Zee)

VOLKEKUNDIGES TOER NA ZOELOELAND

'n Groep van 27 Volkekunde-studente onder leierskap van prof. Hennie Coetzee, het in die April vakansie 'n toer na Zoeloeland onderneem.

In Pietermaritzburg het die toerlede in die konsistorie, en die dames binne in die Gereformeerde Kerk-gebou oornag. Omstreeks middernag kon die mans hul verlustig in die aanhoor van pragtige koraalmusiek, terwyl een van die dames voor die orrel sit. Dit was egter nie die laaste maal dat hulle slapenstyd met 'n kerk te doen sou kry nie: die volgende twee nagte het hulle hul teruste gevind in die kerksaal van die Gereformeerde Kerk in Durban.

Sordwanabaai, waar „eierlêende Sordwana-hase" boer, was 'n aanskoulike toertoneel. Op Pongola het die geselskap oornag by Jan Bradley se ouers.

By Dundee het die groep in hulle tente op 'n rugbyveld „oorgelê".

STAPTOER

Terwyl Nongoma die hoogtepunt van die studietoer was, was Durban-strand die hoogtepunt van die „studie"-toer en Witsieshoek die hoogste punt. Daar moes vir feitlik 1½ myl langs die kombi gestap word om te keer dat dit nie gly vanweë die reën en digte mis nie. Toe hulle die Drakensberge afgaan kon hulle weer hulle staptoer beëindig.

CYPRIAN

By Nongoma, die hoofstad van Zoeloeland is die opleidingskool vir nie-blankes besoek, terwyl 'n besoek aan Opperhoof Cyprian opspraakwekkend was. Vooraf is 'n afspraak by Cyprian gereël deur die Kommissaris-generaal van Zoeloeland.

DINGAANSTAD

Dingaanstad, Bloedrivier en die graf van Retief is besoek waarna Umlazi aan die beurt gekom het. Dit is 'n groot Bantoedorp waar die Westerse beskawing reeds 'n hoë pyl van handhawing bereik het. Die dorp is netjies uitgelê en skep geensins die indruk van 'n lokasie nie. 'n Luukse swembad en 'n uiters moderne sportterrein pryk in die midde van die dorp.



PROFESSOR SE FILOSOFIE

„Ek is geen spekulant nie. Ek soek wel waardevermeerdering vir my geld, maar ek het nie die tyd of die temperament om my oor wisselvallighede te bekommer nie. Ek glo dus in: skokvrye sekuriteit saam met die hoogste rentekoerse! *Dit* kry ek by NASIONALE BOUVERENIGING in 'n hele reeks spaar- en beleggingsplanne waaruit 'n mens die koers kan kies wat jou pas. En daarby 'n uitkyk op sake wat strook met 'n moderne begrip van doeltreffendheid asook 'n manier van doen wat dit aangenaam maak om van jou wegsitgeld afstand te doen!"

NASIONALE BOUVERENIGING

NB

Vir die voordeligste beleggings (Tans 4½% – 6½%)

Hoofkantoor: Posbus 2359, Pretoria. Landswyd deur takke en agente verteenwoordig.

INSLEEP!

WAARHEEN ALMAL SLEEP

Koshuisbestellings: 6039

Apologie

Die redaksie spreek sy spyt daaroor uit dat in die vorige uitgawe in die rubriek Skinderhoekie 'n gedeelte verskyn het wat as ernstige spot met die naam en karakter van die



Mnr. Jimmy Williams afrigter van die beroepspan Highlands Park, behartig nou die afrigting van die Puk se sokkerspanne. (Foto: De Zee)

Sokkerklub kry beroemde afrigter

Jimmy Williams, afrigter van Highlandspark, algemeen beskou as die beste sokkerafrigter in Suid-Afrika, het ingewillig om die Pukke te kom afrig.

Mnr. Williams is die persoon wat die afgelope aantal jare die beroepspan van Highlandspark tot die kampioene in die Nasionale Liga gelei het en hy word in sokker kringe die „brein" van hierdie uitmuntende span genoem.

BEROEPSPELER

Mnr. Williams was 'n internasionale broepspeler wat o.a. vir Skotland op die sokkerveld verteenwoordig het.

Die P.U. Sokkerklub het hierdie onverwagte geluk gekry nadat die sekretaris van die klub, mnr. Martin Adams vir mnr. Vivian Granger, grootbaas van beroepsokker in Suid-Afrika, genader het omdat die klub sonder 'n afrigter was.

TOERNOOI

Mnr. Awie Wright, voorsitter van die klub, het gesê dat dit meer studente sal aanmoedig om by die Sokkerklub aan te sluit. Hy het gesê dit weerspieël die klub se progressiewe benadering tot die spel, veral met die oog op die interuniversitêre toernooi wat vanjaar op Potchefstroom gehou sal word. Met die hulp van mnr. Williams beoog die Pukke om 'n krag op hierdie byeenkoms te wees. Al wat die Pukke kortkom is om daardie fyner kunsies en taktiek aan te leer. Die potensiaal is daar!

Mnr. Williams en mnr. Granger het verlede jaar reeds 'n besoek aan die klub gebring en in een middag kon die spelers al heelwat leer. Dit is duidelik dat hulle die bevordering van die spel veral by die Afrikaanse Universiteite, op die hart dra.

PUK BEHAAL REUSE-TELLING IN EERSTE LIGA-WEDSTRYD

IN een van die beste wedstryde in jare op Orkney het die Puk se 1ste span Western Reefs 'n deeglike loesing van 53-16 gegee.

In die ligawedstryd het die Pukke nege drieë gedruk. Martin Grundling, voormalige heelagter van Noord-Transvaal het sewe vervyf, twee strafdoele en 'n skepdoel behaal. Die drieë is deur Ibbert Joubert (3), Koos du Plooy (2), Dries du Plooy, Dennis de Klerk, Piet Brand en Alwyn Kruger gedruk. Gerrit Botha het 'n skepdoel behaal.

Western Reefs se punte is aangeteken deur Gerrie Jordaan en Johan van Rensburg wat elk 'n drie gedruk het. Al die drië is deur Peet van der Vyver vervyf wat ook 'n strafdoel behaal het. Andre le Grange het met nog 'n strafdoel geslaag.

OORROMPEL

Die tweede span het hulle teenstanders totaal oorrompel en met 42-3 gewen. Gawie Yssel het 22 punte hiervan aangeteken wat 2 drieë,, 2 strafdoele en 5 vervyfskoppe ingesluit het. Dan het Dollie Delaport (2 drieë, Andre de Bruyn (1), Fires van Vuurren (2) ook agter die doellyn gaan kuier. Christo Holtzhausen het 'n skepdoel behaal.

HOë TELLING

Huis Rus het met mooi samespel in hulle ligawedstryd teen die Proefplaas ook vir 'n hoë telling gesorg deur met 37-0 te wen.

HARD

Over de Voor het Ventersdorp en Koster gekombineerd met 9—8 op Ventersdorp geklop. Dit was 'n harde wedstryd waarin Over de Voor nie met aanvallende spel vorendag kon kom nie en alleen goeie verdediging het verhoed dat hulle die wedstryd verloor.

GEBREK

Onder die voorspelers was daar 'n gebrek aan samespel en die agterspelers se hantering het hulle in die steek gelaat.

Basie Gey van Pittius, Piet Coetzer en Jannie Roets het elk 'n drie gedruk.

Over de Voor sal hulle spel moet opknap aangesien hulle 'n taai stryd in die senior-reserwe liga sal hê.

PUKKE SE JONGSPAN SKITTER

In 'n vriendskaplike rugbywedstryd het die Puk se O/19 A-span daarin geslaag om die tweede span van Viljoenskroon met 35-0 te verslaan.

Die Pukke het die hele wedstryd oorheers en het feitlik elke beweging met 'n drie afgerond. Die voorspelers het deurentyd ingeklim en die bal suiwer aan die agterlyn besorg.

Die span as geheel is egter nog nie fiks nie en met meer afgerondheid en ondernemingsgees behoort hulle vanjaar weer 'n krag in die kompetisie te wees.

VOORSPELERS

Onder die voorspelers moet 'n mens die spel van die drie losvoorspelers, Venter, Redelinghuys en Rynders noem en onder die agterspelers die spel van Danie Kock. Die senters het dikwels pragtig deur gapings geglip, maar die bewegings was baie keer onafgerond.

Die O. 19 B span het die vierde span van die Proefplaas met 20—12 verlsaan. Daar word nog baie van hulle verwag in die seisoen.

Pukke sal teen Ikeys speel

In die eerste rondte van die interuniversitêre rugbytoernooi, speel die Pukke teen die Ikeys op Nuweland.

Hierdie wedstryd sal in die eerste week van Mei gespeel word en die Pukke sal per vliegtuig na Kaapstad reis.

In die ander wedstryde speel U.O.V.S. teen Rhodes en Wits teen die Universiteit van Natal.

Dameshokkiespan speel gelykop

Die eerste dameshokkiespan het Saterdag sy eerste ligawedstryd teen Potchefstroom-Dorp op Carletonville gespeel. Die Pukke het glad nie fiks voorgekom nie. Hulle het eers 3—0 voorgeloop, maar is tot 'n gelykop telling gedwing, 3-3.

Die doele Saterdag is geskiet deur Martie Yssel, Anna Venter en M. Kerslake. Jakkie Meyer het baie goed vertoon as doelwagter en daar word nog baie van haar in die seisoen verwag.

DAMESHOKKIEKLUB HOU GESELLIGHEID

Die dameshokkieklub spog vanjaar met groot getalle in vergelyking met verlede jaar en met 'n aangename gees. Op Vrydagaand 7 April het hulle reeds 'n geslaagde kenmekaargeselligheid gehou, terwyl daar heerlik in 'n hokkie-gees gesmul is aan die vleispasteitjies en melk wat by die geleentheid bedien is.

Die klublede het 'n belangrike besluit geneem om boeke wat oor hokkie handel, aan te koop vir gesamentlike gebruik om hul kennis in verband met die spel uit te brei.

KURSUSSE

Op die samekoms is daar ook verslag gedoen oor hokkiekursussa wat van 28 Maart tot 1 April en van 3 tot 8 April op Springs gehou is. Op die eerste kursus het 'n oorsese dame verslag gedoen oor die nuutste tegnieke en oefenmetodes en daar is ook vir ampsdraers lesings gehou oor openbare optrede, die korrekte prosedure op vergaderings ens. Die tweede kursus was vir afrigters en het in die besonder stokwerk, posisionele spel en sirkeloefening behandel.

Die kursusse is gereël deur die Vroue-hokkievereniging van Suid-Afrika en Rhodesië en het plaasgevind onder beskerming van die Departement van Sport en Ontspanning.

Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom. Uitgewers: Die Studenteraad P.U. vir C.H.O.

Cachet Modes
(EDMS.) BPK.
Tomstraat 92 Telefoon 5032
POTCHEFSTROOM
— Ons hou alles aan wat dames benodig —
Van ditjies en datjies
en rokkies en frokkies,
tot jassies en sokkies.

VIR MODERNE VERLOOFRINGE:
TRANSVALIA JUWELIERS
STADSENTRUM,
POTCHEFSTROOM.

JOUBERT MEUBELS
Kerkstraat 201, Tel. 3420,
POTCHEFSTROOM.
Vir
MODERNE MEUBELS
en alle
HUISHOUDELIKE TOERUSTING
Ons spesialiseer
in die verskaffing van die
Jongste
Plaat-opnames
Kom besigtig ons groot

„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief . . ."
Turkstra
te kry by u kafeteria